

Skrifgedeelte: Hebreërs 7:12-22; Genesis 4:18-20

Fokusgedeelte: Hebreërs 7:22

Melgisedek – Getuie van Jesus Christus, die uitnemende Hoëpriester

Deur hulle geskiedenis heen het die Here Homself op besondere maniere aan sy kinders bekend gemaak. Hy het sy volk voortdurend van sy nabyheid, versorging en regering verseker. Hy is in hulle midde en Hy is hulle Here.

Om hierdie openbaring en regering van God nog beter by sy kinders in te skerp, het Hy ampsdraers in sy diens gestel om verskillende aspekte van sy sorg aan hulle te bedien. Die koning bedien God se regering, die profeet verkondig God se openbaringswoord, en priesters bedien die offerandes en doen voorbeding vir die volk. Hierdie priesters is streng volgens afstamming uit die stam van Levi tot dié diens afgesonder.

Tog lees ons van 'n besondere priester reeds in die tyd van Abraham, lank voordat die priesterdiens uit die stam Levi ingestel is. Wanneer Abram betrek word in 'n stryd om Lot te verlos, lees ons hoe sy pad met Melgisedek (koning van die geregtigheid) kruis, die priesterkoning van Salem. Melgisedek het die Naam van God verheerlik en vir Abram geseën. Hierna het Abram 'n tiende deel van die buit aan Melgisedek gegee, waardeur hy sy koningskap erken het.

In hierdie kort verskyning van Melgisedek word die wonderbaarlike heerlikheid van Christus se Hoëpriesterlike amp vir ons afgeskilder. Psalm 110 profeteer hiervan en in die brief aan die Hebreërs word die verband tussen Melgisedek en Christus vir ons duidelik aangetoon. Christus se Hoëpriesterskap is nie in die bepaling van die wet en die opvolging van geslagte gesetel nie, maar dit is volgens die orde van Melgisedek. Hy is die Hoëpriester deur God aan ons gegee om vir ons in te tree en in Wie ons die volheid van die seën van die Here kan ontvang. Hy offer Homself namens ons sodat ons kan lewe en so die seën van die ewige lewe kan ontvang.

Die vraag is natuurlik nou wat dit vir ons beteken. Ons kan as kinders van die Here met die oog op Christus leef in die wete dat Hy vir ons 'n volmaakte Middelaar is. Ons kan nie vir onself betaal vir ons sonde nie, en geen skepsel kan namens ons intree nie.

Melgisedek wys vir ons dat Christus vir ons die volmaakte Middelaar is wat ons van al ons sondes verlos. Daarom soek ons ons saligheid buite onself in Christus alleen.

Sing: Psalm 40:3, 4 (1936)

Ds. C (Christiaan) Joose (Wonderboompoort)